

## VERKLARING OOR UITSPRAAK IN GODSDIENS IN SKOLE HOFSAAK - 28 Junie 2017

Die Tussenkerklike Raad is dankbaar oor die uitspraak wat regter Van der Linde gelewer het oor die hofaansoek teen godsdiens in openbare skole. Na wat ons verneem is slegs twee van 77 aansoeke van die klaers toegestaan. (Dat openbare skole hulle nie mag bemark as 'n skool met 'n spesifieke godsdienstige inslag nie en dat daar nie teen leerders van minderheidsgodsdiensgroepe gediskrimineer mag word nie. )

Die belangrike van die uitspraak is dat die hof die plek van godsdiens in die openbare lewe, spesifiek openbare skole, erken het. Dit bevestig weereens die standpunt wat die TKR nog altyd handhaaf, naamlik dat die Suid-Afrikaanse grondwet nie 'n sekulêre grondwet is nie, maar een wat pluraliteit sonder diskriminasie erken.

Ons is veral verheug daaroor dat die uitspraak duidelik die aansoek dat leerinhoud sonder enige godsdienstige begroning aangebied moet word, afgewys het. Ons mag inderdaad in die skole 'n wêreldbeskouing handhaaf wat hierdie wêreld nie sien as 'n toevalligheid nie, maar as God se wêreld. Ons mag en moet die geheime van die wetenskap en die fisika en die fisiologie sien as 'n klein, klein kykie in die handewerk van die grote en ewige God.

Die hof se beslissing impliseer duidelik dat sogenaamde neutraliteit nie werklik neutraal is nie, maar 'n keuse vir 'n sekulêre, God-lose opsie. Christus se woorde in Mattheus 12: Wie nie vir My is nie, is teen My, is inderdaad hier van toepassing.

Die TKR wil in die lig van die uitspraak twee appéle tot ons lidmate rig:

- Die eerste is dat ons altyd sal onthou dat godsdiensonderrig van ons kinders primêr die taak van die ouer is, en dat die skool se bevoegdheid inderdaad gedelegeerde ouerbevoegdheid is.
- Ten tweede moet hierdie uitspraak, te midde van die vloed van negatiewe dinge wat in ons land gebeur in terme van staatskaping en korrupsie en misdaad, ons oë ook open vir die seëninge wat ons nog uit die hand van die Here in hierdie land ontvang, nie die minste nie dat ons Hom met vryheid mag dien en aanbid, selfs in die openbaar. Ons mag die negatiewe dinge nie miskyk nie, maar ons mag ook nie daarteen vaskyk nie.

Baie dankie.

Ds Cassie Aucamp

Voorsitter: Deputate Ekumenies

[anberg@absamail.co.za](mailto:anberg@absamail.co.za)

082 377 1112